ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

September 2022



**DIS HEERLIKE LENTE! WINTER IS VERBY!**
Dis heerlike lente, die winter's verby
Weer nooi berg' en klowe vir jou en vir my.
Die bergklim is heerlik, dit hou mens gesond.
Die vroe-, vroeë more het goud in die mond.

September is 'n besige maand-nie net vir die ywerige tuinliefhebbers nie; die vinke verander al van kleur en gaan binnekort begin met hofmaak en nesskrop.

**1 September:** Lentedag. Wees vrolik en plant petunias vir onmiddellike kleur. Kry die kompos en grasbehandeling aan die gang. Gebruik kunsmis vir plant- en grasvoeding. Bak 'n koek. Bederf jou buurvrou.

**2 September:** Nasionale boomplantdag . Nasionale boom vir 2022: Plant 'n Kannabas vir latere spogvertoning. Sien artikel op p5

**7 September:** Nasionale Sekretaresse-dag. Bederf jou sekretaresse met 'n dag af by 'n spa, of 'n pragtige bos blomme om jou waardering te wys. (Soveel meer as jou vrou ook as jou sekretaresse optree)

**11 September:** Oupa- en Ouma dag
"Kinders is mal oor liefde en pret. Oupas en Oumas ook. Die twee geslagte is gemaak vir mekaar" volgens Trish Gribben.

Grootouers het kleinkinders nodig om die veranderende wêreld vir hulle lewendig te hou en hulle weer 'n slag te laat sien presies hoe wonderlik en varsnuut die wêreld deur die oë van 'n kind is.

Laerskole wat 'n Oupa-en Oumadag aanbied besef nie die vreugde daarvan vir die kleinkinders en die grootouers nie. Geniet dit Oupa en Ouma as kleinkind jou bekend stel aan haar skoolwêreld- met die nodige entoesiasme!

## ALGEMENE JAARVERGADERING 29 SEPT 2022

Die Huiseienaarsvereniging, wat bestaan uit AL die huiseienaars, vergader minstens een maal per jaar by die Algemene Jaarvergadering waar die direkteure gekies word om die gemeenskaplike eiendom te bestuur en die funksies en pligte van die Huiseienaarsvereniging uit te voer. (Leefstylgids p 22 par 4.2.3) Die AJV is dus die geleentheid vir eienaars om te verseker dat hulle bekwame kundige direkteure verkies om na hulle belange om te sien.

5.1.3 The agenda for the Annual General Meeting shall comprise at least of the following:

5.1.3.1 The consideration, confirmation or variation of the **insurances** effected by Eldoraigne Retirement Estate.

5.1.3.2 The consideration, confirmation or variation of an itemised estimate of the anticipated **income and expenses** for the ensuing financial year.

5.1.3.3 The consideration and approval, with or without amendment, of the **financial statements** relating to the management, control and administration up to the date of the AGM

5.1.3.4 The appointment of an **auditor**.

5.1.3.5 The election of **Directors**. (MOI p 28 par 5.1.3)

Die 5 Direkteure verkies op die vorige Algemene Jaarvergadering (Nov 2021) en hulle huidige portefeuljes is soos volg:

**Wilma vd Berg**: Voorsitter
- Dienssentrum(Voedselvoorsiening; Verswakte sorg; Wassery; Haarsalon; Skoonheidsalon; Kiosk;Biblioteek, Oordsuster..

**Johan du Preez**: Ondervoorsitter.
- Infrastruktuur (struktuur van geboue, paaie, elektrisiteit, water..
- Sosiaal en Maatskaplik(sosiale en geleentheidsbeplanning; verwelkoming, ondersteuning, Godsdiens, geestelik..

**Johan Alberts**: Finansies
- Finansies, begroting, rekeninge, tenders, langtermynbeplanning..

**Michael vd Berg**: Sekuriteit en Veiligheid
- Toegangsbeheer, verkeer, omheining, noodplan en oortredings..

**Ken Hall**: Fasiliteite en Kommunikasie
- Instandhouding van gemeenskaplike eiendom, instandhouding van tuine, skoonmaak, vullisverwydering,herwinning, troeteldiere..

## ESTATE MATTERS: MANAGEMENT

1.**The Home Owners Association** (HOA) is a legal entity whose members are all property owners and shareholders at the retirement estate, which operates as a Section 21 company and who will control and manage all estate matters.
2.**Board of Directors**. They are elected representatives of the HOA and carry out the HOA's functions and duties, such as managing the common property and maintain and administer the communal financial interest and obligations.
3.**Managing Agent**. Responsible for the running of the affairs of the estate in accordance with, inter alia, an array of requirements set in various acts. They also source, appoint and monitor service providers for catering, healthcare, gardening, security, cleaning, hair salon, beauty salon, tuck shop and laundry services. (The managing agent at Eldoraigne is **CSi Property Management,** with Midrand head office)
4.**General Manager**. Responsible for the day-to-day operational running of the estate; execution of all decisions taken by the directors, and all the services delivered. She/he consults with the directors in case of urgent or matters outside his delegated authority. All defects, complaints, proposals and compliments are to be directed to the General Manager,in writing, and not to the directors directly. (The General Manager appointed by CSi at Eldoraigne is **Alida Pienaar** with her office in the service centre; her assistant manager is Chantelle and the administrative assistant is Marina)
5.**Maintenance team:** Mike and David were appointed to attend to maintenance work within the common property. However, on written request, they can fix small things in the units like changing a light bulb or connecting a new washing machine, etc..
6.**Medical care**. The role of the estate sister, Sr Elmarie, appointed by CSi, is not only to provide emergency medical assistance, but also to provide ongoing feedback on the status or well-being of the estate residents. She is also there to provide post-hospital and post-operative assistance and maintenance care to residents.

---

## ADVERTENSIES

TE HUUR: Woonstel 1226.Tweeslaapkamer.Kontak Charlotte huis 34
TE HUUR: Woonstel 1128.Eenslaapkamer. Kontak Michelle van Til by 0784583699 of 0126830342

## In gesprek met..(35) Alida Pienaar

Die nuutaangestelde algemene bestuurder, Alida, is gebore op 30 Junie 1967 in Parys. Haar Pa was hoof van die destydse Transvaalse Paaiedepartement en haar Ma ‘n bankamptenaar. Uit die aard van haar Pa se beroep, het hulle heelwat rondgetrek en sy woon 3 laerskole by; nl Petrus Steyn, Witrivier en Lichtenburg. Sy bly egter by Hoërskool Lichtenburg tot in matriek. Op skool neem sy deel aan verskeie sportsoorte en het vir 2 jaar provinsiaal korfbal gespeel. Sy was betrokke by die skoolkoerant, was ‘n ywerige toneelspeler; koshuisprefek en ook onderhoof-dogter.

Na skool doen sy 2 jaar van ‘n vierjaar-kursus in Verpleging by HF Verwoerdhospitaal, daarna werk sy ‘n jaar in Lichtenburg by Stannic. Van 1989 tot 1992 werk sy in Pretoria by Charter Life (versekering); daarna in Potchefstroom vir 3 jaar vir dieselfde maatskappy. Vanaf 1995 tot 1998 sprei sy haar vlerke en werk in Engeland. Vanaf 1998 tot 2012 hanteer sy praktykbestuur by ‘n tandtegnikus in Pretoria. Vanaf 2012 tot 2013 is sy ‘n boekhouer in Sandton, waarna sy van 2013 tot 2017 by Polmed Bejaardesorg in Pretoria werk. Vanaf 2019 werk sy by Central Developments in Midrand as operasionele bestuurder, tot met haar aanstelling hier by die Landgoed.

Sy was getroud met Danie, maar skei in 2012. Tans is sy verloof aan Woenie Viljoen en ‘n troue word beplan moontlik vir Desember. Sy het 2 seuns: die oudste, Peet, speel krieket vir Great Manchester in Engeland en die jongste, Christiaan, is ‘n Chemiese Ingenieurstudent aan Tuks.

Alida is lief vir die natuur: sy gaan graag op staptoere (backpacking); kampeer naweke, is ‘n naweek-pretdrawwer; lees en hekel en lei ‘n besige sosiale lewe.

Sy is ‘n tevrede, gelukkige mens wat glo dat mens uit jou foute leer. Sy glo in standvastigheid en verkies om wrywing te vermy en eerder konflikte dadelik op te los of te ontlont.

Alida staan vir die waarheid en verafsku leuens!



Alida Pienaar



***Dais cotinifolia***
(kannabas)

**NASIONALE BOOM VAN DIE JAAR 2022**

Elke jaar word twee bome uit die bykans 2000 inheemse bome aangewys as Nasionale boom van die Jaar, met een algemene boom en een skaarser boom.

Hierdie jaar is die algemene boom die Basboom/Kannabas/ Pompon tree/ Dais Cotinifolia/521 wat ook op die Landgoed se goedgekeurde boomlys is.

Die Kannabas word aanbeveel vir kleiner tuine omdat hy nie 'n digte kroon het wat te veel skaduwee gee nie. Hy reageer goed op snoei ; kan opgelei word om 'n hoofstamboom te word en is 'n ideale houerplant vir die stoep. Afgesnyde takke met blomme hou goed in die water. Die kannabas kan suksesvol gekweek word van vars sade; stingelsteggies of die uitgrawe van sylote.
Die kannabas groei vinnig en dra reeds vanaf die tweede jaar pragtige pink blomme vanaf November tot Februarie.

BOOMPLANTDAG vind landswyd plaas op VRYDAG 2 September.

## NUWE STRAATNAME 1: KAKELAAR




Die kort straatjie wat uit Kiewietstraat loop en huise 46-49 bedien het uiteindelik sy naam gekry: **Kakelaar**

Die gewone Kakelaar / Rooibekkakelaar/Redbilled Woodhoopoe (Phoeniculus purpureus) is groter as die Swartbekkakelaar, met ‘n lang afgeboë rooi snawel, rooi bene, wit vlerkbane , ‘n lang witpuntstert met ‘n bottelgroen- en blou verekleed op die kop en rug.

Die wyfie se snawel is minder afgeboë en korter as die mannetjie s’n. Die onvolwasse voëls het ‘n swart snawel. Die onvolwasse mannetjie het ‘n bruin keelvlek, terwyl die onvolwasse wyfie ‘n swart keelvlek het.

**Habitat:** ‘n Wye verskeidenheid boswệreld- en doringveldhabitats en boomryke voorstedelike tuine. Algemeen in die noorde, ooste en suidooste.Hulle vlieg streep-streep van boom tot boom en land laag teen die stam, vanwaar hulle boontoe klouter en dan na die volgende boom vlieg.

**Status:** Algemene standvoël; groepies van 3-8

**Roep:** ‘n Kras gekwetter en gekekkel wat gewoonlik deur groepe gemaak word. Die mannetjie se stem is duidelik laer as die van die wyfie. Een voël begin met die gekekkel, dan val die ander in en ‘n wanklinkende warboel van histeriese gelag ontstaan. Dit klink nogal na die van ‘n pylstertkatlagter se geroep, maar is meer musikaal en klink nie so meganies nie.

(Sasol en Newman)

WAAROM STEEL?

Kinders van ongeveer 3jr en jonger ken nog nie die begrip steel nie, want hy weet nie wat dit beteken nie. Hy is nog nie verstandelik genoeg ontwikkel om die begrip "eiendomsreg" en myne en joune te verstaan, of dat ander mense gevoelens het nie. Die ouer voorskoolse kind ontwikkel geleidelik 'n begrip dat daar sekere dinge is wat nie syne is nie, maar hy het nog nie 'n besef van waardes nie. Hy moet geleidelik leer dat daar iets soos eiendomsreg is.

Vanaf ongeveer sewejarige ouderdom begin die kind verstaan dat hy iets nie mag vat wat nie aan hom behoort nie, omdat hy iemand anders daardeur ongelukkig sal maak. Vrees vir straf is dus nie meer die enigste rede waarom hy nie steel nie-hy het begin om sekere morele waardes sy eie te maak.

'n Onbeheerbare drang om te steel, kom by kinders en ook adolessente en volwassenes voor. Hulle weet dit is verkeerd, maar kan hulleself nie help nie. Hulle het ook geen benul waarom hulle dit doen nie, behalwe dat dit 'n vae gevoel van veiligheid en vertroosting meebring. Wanneer hulle gevang word, is hulle skaam en ontsteld, maar gaan nogtans voort met steel =kleptomanie. Die kleptomaan is iemand wat wil vlug uit 'n samelewing wat vir hom te bedreigend en te pynlik geword het. Hulle is uitgehonger vir liefde en sekuriteit en smag na iemand wat regtig omgee. As hulle dit kan vind, sal hulle kan gee ipv neem.

-Moontlike redes vir steel: Gebrekkige verstandelike ontwikkeling, aandag trek,disrespek, geen waarde heg aan wette of norme nie, gebrek aan dissipline tydens kinderjare, gebrek aan liefde, warmte en aanvaarding tydens grootwordjare.(Perspektief: Elizabeth Prinsloo)

Geld hierdie redes ook by ouer mense?
-Indien 'n persoon nou plantpotte met plante of steggies van sy bure vat , of 'n aluminiumleer, of rolbal-balle of 'n gasbottel, of 'n koevoet, of 'n 2-liter gifspuitbottel, of twee ysteraalwyne, of 2 tafeltjies vanaf die jukskeibane, of 2 tuinslange van iemand anders wanneer jy trek: dit bly nog steeds verkeerd. Dit kan nie verskoon word met: "Ag dit was vir my so mooi, toe vat ek dit maar" nie.



## CLIVIAS (BOSLELIES)

- Hou van gefiltreerde skaduwee onder bome met goeie lugomloop. Geskik vir droë skadutuine, want hulle hou nie van "nat voete" nie. Clivias sal wel in diep skadu groei, maar nie goed blom nie.
- Redelik gehard in gematigde klimate, maar moet beskut geplant word teen snerpende winde en ryp.
- Enige grondsoort wat goed dreineer, is geskik.
- Plant clivias op dieselfde diepte as wat hulle in kwekerysakkies was, om plantbasisvrot te voorkom.
- Bruin blaarpunte , of blare wat geel word, beteken te veel of te min water
- Voed een keer per maand in die somer (Okt tot April) met 3:1:5 SR
- Spuit **twee keer per jaar met Sipermetrien** teen amarilla-larwe (Mrt/Apr en Aug/Sept)

**NUWE PLANTE:**

- Saadkweking kan gedoen word wanneer die sade donkerrooi is. Pluk die stingel met sade so laag as moontlik af. (foto 08a)
- Verwyder die vleis en vliesie om elke groot saad (foto 08b)
- Plaas saad in 'n saadlaai en druk halfpad in vir ontkieming (foto 08c)
- Of plaas die skoongemaakte klam sade in 'n tupperhouer en bệre onder jou wasbak vir ongeveer 6-8 weke vir ontkieming en plant daarna in 'n saadlaai (foto 8c) Die ontkiemde saad moet nog halfpad bo die grond uitsteek, met die wortel toe.
- Clivia-saailinge groei stadig en kan ongeveer 2 jaar in die saailaai of klein potjies (foto 8d) bly om sterk te word voordat hulle weer in groter houers of die grond uitgeplant word.
- Dit duur sowat 4-5 jaar om van 'n saad tot 'n blommende plant (foto 8e) te ontwikkel en daarna in beddings (foto 08f en 08g)
- Die nuwe plante vanaf sade se blomme sal nie noodwendig presies dieselfde kleur hệ as die moederplant nie.
- 'n Vinniger metode om nuwe plante te kry is deur verdeling van die risoom in Oktober na die blomseisoen. Moet egter nie die moederplant in te veel klein stukkies verdeel nie.
- Sny die wortels af sodat 'n handlengte oorbly. Dis nie nodig om die blare te sny nie.
- Die blomme van plante deur verdeling, sal presies dieselfde kleur as die moederplant hệ.

( Uit my tuinjoernaal 1)

## UIT DIE WOORD

- "Wie sy woorde inhou, besit kennis; en hy wat kalm is van gees, is 'n man van verstand" **Spr 17:27**
- "Daar is 'n tyd… om stil te bly en 'n tyd om te praat.." **Pred 3:2,7**
- "Kalmerende woorde bring lewe, skynheilige woorde breek mense" **Spr 15:4**
- "Hy wat sy mond en tong bewaar, bewaar sy siel van benoudhede" **Spr 21:23**

---

## STILBLY IS SOMS NET BETER..

Ons eie woorde staan partymaal reglynig en vierkantig in die HERE se pad. Soms moet ons net stilbly en die Gees van die Here toelaat om mense op Sy eie manier aan te raak.

Ons hoef regtig nie 'n oplossing te hệ vir elke probleem nie. Ook hoef ons nie 'n antwoord te gee op elke vraag waarmee mense worstel nie. Wysheid is om te weet dat, net soos wat daar tyd nodig is vir enige vorm van liggaamlike herstel, net so is daar ook tyd nodig vir genesing van die siel.

Net God kan mense aanraak. Net Hy kan mense se lewe verander. Ons moet Hom hiermee vertrou. Ons moet leer dat daar krag is in wag en in stilwees voor die Here. Ook moet ons hierdie lewensbelangrike wysheid vir ander mense leer. Daarna moet ons uit hul pad staan om dit self eerstehands te ervaar.

Voortydige woorde, maar ook ontydige woorde, kan die Heer se goeie werk in mense se lewe groot skade berokken.

( Stephan Joubert)

---

**Die verwoording van mens se woede soos in die artikel op bladsy 7 oor STEEL, dien soms om mens se woede te kenne te gee oor mense wat jou sonlig steel, of die plesier en rustigheid ontneem wat jy op jou oudag moet beleef . Hoe verwoord mens die verlies as iemand artikels van jou steel waaraan jy emosionele waarde heg omdat dit 'n geskenk van jou oorlede suster was? Wysheid en stilwees vlieg dan by die agterdeur uit!**

**(Redakteur)**

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur Direksie en Bestuur en u word uitgenooi om navraag te doen by Ontvangs oor enige onsekerhede tov landgoed-aangeleenthede. Geniet u aftreejare en neem gerus deel aan die weeklikse aktiwiteite.

157 Christo en Maria Hattingh
221 Fransie Bissett en Phil Janneke
226 Abraham Pieters
1007 Leon v Deventer
1104 Dan Donoghue
1314 Veronica Vermeulen
1322 Zalda Rovers
1340 Marcy Robenson
101 Adam Zwarts (vanaf 88
1304 Koba Gerber (vanaf 188
1213 Annatjie Voges (vanaf 1113
1113 Lorna Mathey (vanaf 1213

## BESPREKINGSGROEP

Die bespreking op 13 September 2022 om 10h00 sal handel oor die meer as 60 voëlspesies wat op of om ons landgoed geidentifiseer is. Die aanbieding sluit 'n kort bespreking van die voëls in, en ook oor voëlkyk in die algemeen. Ons vertrou dat ons, met die ondersteuning van die voëlkundiges in ons midde, die belangstelling van mede inwoners sal prikkel om ook ywerige voëlkykers te word en te deel in die ryk verskeidenheid voëllewe waarmee ons landgoed geseën is.

Please do join us in our discussion group of 13 September. The discussion will take the form of a presentation on the more than 60 bird species that have been identified on and around the Estate , either through direct sightings or by their calls. The presentation also includes a brief discussion on Birding in general. We trust that, with the support of the birding experts among us, we will activate an interest among our fellow residents, in the rich and diverse birdlife with which our estate is blessed.

Ken Hall

# HALLO SPRING

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions
011 805 6316
www.csi-euf.co.za

## AVAILABLE RETIREMENT RENTALS

PROPERTIES WANTED

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

2 Bedroom, 1 Bathroom Apartment
from R8 500 p/m

PROPERTIES WANTED

**Stella Cloete**
**072 459 2230**
**stella@csiproperties.co.za**

Hallo Lente

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

## ELDORAIGNE AFTREE LANDGOED

3 slaapkamer / 2 badkamer / dubbel motorhuis / simpleks / **R2 475 000**

2 slaapkamer / 1 badkamer / parkeer afdak / woonstel / **R1 295 000**

2 slaapkamer/ 2 badkamer/ stoorkamer/ enkel garage/ **R1 950 000**



Ruan Erasmus
071 481 6199 | ruan@csisales.co.za